

## 16. Emeritaatsversorging

### 16.1 RAPPORT DEPUTATE VIR EMERITAATSVERSORGING (Artt.54, 57, 58(a), 63, 140, 163)

- A. Ds. L.H. van Schaik stel die Rapport.
- B. Br. Charles Erasmus, aktuaris van die GKSA Predikante Pensioenfonds, spreek die Sinode toe.
- C. Dr. D.J.S. Steyn spreek 'n dankwoord aan br. Charles Erasmus vir puik dienste gelewer was aktuaris van die PPF en veral vir sy beskikbaarheid. Dr. Steyn bedank ook al die Trustees van die PPF, asook die administratiewe personeel, nl. br. H.S.J. Vorster, sr. Wymie du Plessis en sr. René Venter.
- D. Dr. D.J.S. Steyn verwelkom die verteenwoordiger van Fedsure, mnr. Jeremy Yatt, die Algemene Bestuurder van Ondersteuningsdiens. Hy spreek die Sinode namens Fedsure Health toe.
- E. **Besluit:** Word verwys na die Kommissie vir Emeritaatsversorging.
- F. Ds. T.C. de Klerk stel die Kommissierapport.

#### A RAPPORT PREDIKANTE PENSIOENFONDS

#### B RAPPORT BYSTANDSFONDS

#### C RAPPORT MEDIESE VERSORGING

#### D RAPPORT DEPUTATE EMERITAATSVERSORGING

#### A. RAPPORT PREDIKANTE PENSIOENFONDS

##### SAKE WAAROOR DIE SINODE KENNIS MOET NEEM

#### 1. Sinode Opdragte

Die volgende opdragte is aan die Trustees opgedra:

- 1.1 *Met verwysing na 9.3.2 en 9.3.2.2 van die Reglement van die Administratiewe Buro (Acta 1985:220) gee die Sinode opdrag dat daar skakeling tussen die Bestuur van die Administratiewe Buro en die Trustees van die Pensioenfonds moet wees (Acta 1997:308,3.1.2.2.1.3).*  
Die opdrag is uitgevoer. Daar was behoorlike skakeling deur die Sekretaris van die Trustees wat ook 'n lid van die Bestuur is.
- 1.2 *Die Sinode dra dit aan die nuwe Trustees op om minstens tweejaarlik kwotasies van versekeraars aan te vra vir die onderskrywing van die sterfte- en ongeskiktheidsvoordele (Acta 1997:329,3.1.4.1.2).*  
Die opdrag is uitgevoer en sal volledig in die Aanvullende Rapport gerapporteer word.
- 1.3 *Die Sinode besluit dat Kerkrade se aandag opnuut daarop gevestig word dat die laaste gemeente waar 'n predikant gedien het, verantwoordelik bly vir die eervolle versorging van die emeritus (vgl. KO, art.13) (Acta 1997:331,3.5.1.1.1).*  
Die besluit is skriftelik aan Kerkrade deurgegee.
- 1.4 *Kerkrade word opnuut gemaan om die werklike PGT wat die predikant ontvang, aan die Trustees van die Pensioenfonds deur te gee aangesien dit die standaard van versorging van die predikant en/of sy afhanklikes gaan bepaal en die Kerkrade vir sy/hulle versorging verantwoordelik is (vgl. KO, artt.13 en 20) (Acta 1997:331,3.5.1.1.2).*  
Die besluit is skriftelik aan Kerkrade deurgegee.

- 1.5 *Kerkrade, Klassisse en Deputate van die Part. Sinodes word gemaan tot versigtige en verantwoordelike beoordeling oor die onbekwaamheid tot diens en om toe te sien dat emeriti wel eervol versorg sal word (Acta 1997:331, 3.5.1.1.3).*  
Die besluit is skriftelik aan Kerkrade, Klassisse en die Deputate van die Part. Sinode deurgegee.
- 1.6 *Die Sinode besluit dat die prosedure by onbekwaamheid weens siekte (KO, art.13 - beroepsongeskiktheid van 'n predikant) goedgekeur en by die Kerke aanbeveel word vir die hantering van aansoeke tot emeritering op grond van onbekwaamheid vanweë "siekte of andersins" (Acta 1997:332, 3.5.2.9).*  
Die besluit is skriftelik aan die Kerkrade en Klassisse deurgegee.
- 1.7 *Die Sinode vestig opnuut Kerkrade se aandag daarop dat die PGT wat by die Pensioenfonds opgegee is, van deurslaggewende betekenis sal wees vir die eervolle versorging van hul emeritus (Acta 1997:334, 3.5.3.1.5).*  
Die besluit is skriftelik aan die Kerkrade en Klassisse deurgegee.
- 1.8 *Die Sinode vestig opnuut Kerkrade se aandag daarop dat die PGT deurslaggewend is vir die eervolle versorging van die emeritus in geval van onbekwaamheid vir die diens op grond van siekte (Acta 1997:334, 3.5.3.2.5).*  
Die besluit is skriftelik aan die Kerkrade en Klassisse deurgegee.
- 1.9 *Die Sinode keur die voorgestelde versorgingsmoontlikhede goed en vestig Kerkrade se aandag daarop dat met groot versigtigheid geoordeel moet word oor emeritering van 'n predikant in gevalle waar die eis deur die versekeraar finaal afgewys is (Acta 1997:335, 3.5.3.4).*  
Die besluit is skriftelik aan die Kerkrade en Klassisse deurgegee.
- 1.10 *Die PGT word vasgestel as minstens die kontant-gedeelte van traktement. Die Trustees kry opdrag om dokumentêre bewys op 'n vorm wat deur die Trustees aan die Kerke gestuur word, van al die Kerke te verkry waarin die PGT bevestig word (Acta 1997:344, 4.2.1).*  
Die besluit is skriftelik aan die Kerkrade en Klassisse deurgegee en dokumentêre bewyse is van alle predikante ontvang.
- 1.11 *In gevalle waar die Pensioengewende Traktement nie ten minste die kontant-gedeelte van die traktement is nie, tree die Trustees direk in gesprek met die Kerkraad en hou die Klassis op hoogte van die gesprek met die Kerkraad (Acta 1997:344, 4.2.3).*  
Die Trustees het met die onderhawige gevalle waar moontlik met Kerkrade in verbinding getree, en die saak is volledig tydens die besoeke aan Klassisse met alle kerke opgeneem.
- 1.12 *Waar die visitatore altyd navraag doen oor die versorging van die predikant (KO, art.11) moet daar ook nou verslag gedoen word of die Kerkraad en predikant se bydrae op die volle pakket bereken word. Die aangeleentheid moet dan ook in die visitasierapport vervat word (Acta 1997:344, 4.2.4).*  
Die besluit is skriftelik aan Klassisse gestuur.
- 1.13 *In terme van KO, artt.13 en 20 bly versorging van emeriti en hul afhanklikes die verantwoordelikheid van die Kerk waar hy laaste gedien het. Geen Pensioenfonds of samewerking in versorging ontnem die Kerkraad van hierdie verantwoordelikheid nie (Acta 1997:345, 4.2.5).*  
Die besluit is skriftelik aan die Kerkrade en Klassisse deurgegee.
- 1.14 *Die twee Kerke moet volgens Sinodebesluit met inagneming van hulle omstandighede (bv. annuïteite wat uitgeneem is) en op die mees ekonomiese wyse, op standaard gebring word (Acta 1997:346, 4.3.5.3.1).*  
Een van bogenoemde Kerke het volledig ingeskakel. Die tweede kerk se predikant is ingeskakel maar met 'n PGT van R11 500 per jaar. Die probleem ontstaan dat kragtens KO, artt. 13, 20 op grond van so 'n lae PGT die predikant totaal onversorg sal wees by eventuele emeritering/afsterwe. Die saak sal aan die Sinode vir 'n aanbeveling voorgehou word.
- 1.15 *Die Kerk wie se twee predikante nie aan die Pensioenfonds behoort nie, wel nou tot die Pensioenfonds toetree met die meganismes wat deur die Trustees daargestel sal word (met inagneming van die implikasies) en met die PGT's soos deur die Sinode besluit (Acta 1997:346, 4.3.5.3.2).*

Met spyt moet aan die Sinode gerapporteer word dat een van die predikante oorlede is alvorens hy by die Pensioenfonds ingeskakel het met die gevolg dat sy weduwee en afhanklikes nie deur die Pensioenfonds en/of Emeritaatsfonds versorg word nie.

Die ander predikant het by sy nuwe kerkraad volledig by die Pensioenfonds ingeskakel.

- 1.16 *Die Sinode gee aan die benoemde Trustees opdrag om mnr. C. Erasmus vir 'n verdere periode van 3 jaar as Aktuaris van die Fonds aan te stel (Acta 1997:347, 5.1).*

Die opdrag is uitgevoer.

- 1.17 *Die Sinode gee aan die benoemde Trustees opdrag om die Ouditeure van die Administratiewe Buro vir 'n verdere periode van 3 jaar as Ouditeure van die Fonds aan te stel (Acta 1997:347, 5.2).*

Die opdrag is uitgevoer.

- 1.18 *Die Sinode keur die optrede van die Trustees goed en gee aan die benoemde Trustees opdrag om ten minste elke twee jaar 'n soortgelyke ondersoek te doen (Acta 1997:362 oor Sterftevoordele).*

Die opdrag is uitgevoer.

- 1.19 *Die Sinode keur die optrede van die Trustees goed en gee aan die benoemde Trustees opdrag om gereeld die situasie te monitor (Acta 1997:363 oor Beleggings).*

Die opdrag is uitgevoer.

- 1.20 *Om alle sake wat voortspruit uit die samewerking van kerke in terme van KO, artt.13 en 20 te hanteer (Acta 1997:363, 4 (1.1)).*

Aan die opdragte is voortdurend aandag gegee.

- 1.21 *Om alle opdragte wat mag voortspruit uit die vergaderings wat die Emeritaatsversorgingsfonds, Pensioenfonds, Mediese Skema en Bystandsfonds hanteer, uit te voer (Acta 1997:363, 4 (1.2)).*

Aan die opdragte is voortdurend aandag gegee.

**Besluit:** Kennis geneem.

## 2. Reglementwysigings

Sedert die stigting van die Fonds op 1 Julie 1994 is die volgende wysigings aan die reëls aangebring:

Punt 3, Reël 5.2

Die Trustees het aan hierdie wetswysiging reeds voldoen en die eerste rondte vir die verkiesing van Trustees is alreeds verkies soos deur die Wet vereis. Die tweede rondte verkiesing sal in die Aanvullende Agenda gerapporteer word.

### 1. WOORDBEPALINGS

- 1.1 EMERITEEROUDERDOM (Acta 1997:310) is vervang met: “Die eerste dag van enige maand tussen die ouderdomme van vyf-en-vyftig en vyf-en-sestig van die LID.”

- 1.2 PENSIOENGEWENDE TRAKTEMENT (Acta 1997:312)

“Die PENSIOENGEWENDE TRAKTEMENT wat as basis gebruik word vir die berekening van bydrae en voordele word van tyd tot tyd deur die KERKRAAD bepaal. Sover dit die voordele omskryf in Reël 14.2 aanbetref, mag die Trustees bewys van goeie gesondheid van die betrokke LID vereis alvorens verhogings in voordele as gevolg van verhoging in PENSIOENGEWENDE TRAKTEMENT van krag word.”

2. REËL 3.4 (Acta 1997:313)

“Enige geskille wat mag ontstaan in verband met eise kragtens, of vertolking van hierdie Reglement, word deur die Trustees beslis, wie se oordeel finaal sal wees, mits sodanige beslissing nie strydig met die bepalinge van die Reglement en die WET is nie; met dien verstande dat indien enige ander party tot die geskil nie met die beslissing tevrede is nie, die Trustees, met instemming van sodanige party, die geskil vir mediasie na die Nasionale Sinode van die KERKE moet verwys.”

3. REël 5.2 (Acta 1997:314)
 

“Die Trustees bestaan uit agt persone:

  - 5.2.1 Vier persone, wat nie LEDE van die FONDS mag wees nie, word deur die Nasionale Sinode tydens elke sitting van die Nasionale Sinode benoem. Een sekondus vir die vier Trustees wat deur die Nasionale Sinode aangewys is, word ook dieselfde tyd deur die Nasionale Sinode aangewys. Die ampstermyn van die Trustees en die sekondus verstryk by die sitting van elke daaropvolgende Nasionale Sinode en hulle is weer verkiesbaar.
  - 5.2.2 Vier persone, wat LEDE van die FONDS moet wees, word per stembrief deur die LEDE verkies gedurende die drie maande wat elke sitting van die Nasionale Sinode voorafgaan. Een sekondus (wat ‘n LID moet wees) vir die vier Trustees wat deur die LEDE verkies is, word terselfdertyd deur die LEDE verkies. Die ampstermyn van die Trustees en die sekondus aldus verkies begin by die aanvang van die eersvolgende Sinodesitting na die verkiesing en verstryk by die sitting van daaropvolgende Nasionale Sinode.
  - 5.2.3 Tot die sitting van die Nasionale Sinode wat in Januarie 2000 ‘n aanvang neem, sal vier Trustees, wat LEDE moet wees, per stembrief deur die LEDE voor 15 Desember 1998 gekies word en die aldus verkose Trustees sal van 15 Desember 1998 af tot die sitting van die Nasionale Sinode wat op 4 Januarie 2000 ‘n aanvang neem, as Trustees optree.
  - 5.2.4 By alle verkiesing van Trustees soos in 5.2.2 en 5.2.3 hierbo genoem, sal ‘n gewone meerderheid van stemme nodig wees vir Trustees om as verkose beskou te word.”
4. REël 5.3 (Acta 1997:314)
 

“Die Voorsitter van die Trustees word deur die Trustees verkies.”
5. REël 5.4 (Acta 1997:314)
 

“Die kworum van die Trustees bestaan uit vyf Trustees waarvan ten minste drie LEDE moet wees. ‘n Kworum is bevoeg om enige pligte van die Trustees uit te voer, ongeag enige vakature wat op die Trustees mag bestaan.”
6. REël 14.1.2 (Acta 1997:320)
 

“‘n Maksimum van een-derde van die REGMATIGE AANDEEL mag, mits die KERKRAAD daartoe instem, aan die LID in kontant betaal word. Die restant van die REGMATIGE AANDEEL sal deur die FONDS aangewend word om ‘n jaargeld, bereken deur die AKTUARIS, aan die LID te betaal. Indien sodanige jaargeld minder is as die maksimum jaargeld volgens statutêre maatreëls ten volle gekommuteer mag word, sal die volle REGMATIGE AANDEEL in kontant aan die LID betaal word in welke geval daar geen jaargeld aan die GEREGTIGDE GADE ingevolge Reël 14.3.2.2 betaalbaar sal wees nie.”
7. REël 14.2.2.2 (Acta 1997:321)
 

“GADEJAARGELD en KINDERJAARGELD is maandeliks vooruit betaalbaar en mag van tyd tot tyd deur die Trustees verhoog word. Die eerste paaiement is betaalbaar op die eerste dag van die maand wat volg op die maand waarin die LID te sterwe gekom het. Elke maandelikse paaiement is gelyk aan een twaalfde van die jaarlikse bedrag van die jaargeld.”
8. REël 14.2.2.3 (Acta 1997:321)
 

“Die jaargeld aan die GEREGTIGDE GADE is betaalbaar totdat sy te sterwe kom. Die KINDERJAARGELD verdubbel met ingang van die maand waarin sy te sterwe kom.”
9. REël 14.3 (Acta 1997:322)
 

14.3 Sterfteenoordeel op of na EMERITEEROUERDOM.

#### 14.3.1 Terwyl nog in diens

Indien 'n LID wat op of na EMERITEEROUDERDOM in diens van die KERKE is en nog nie 'n jaargeld kragtens die Reglement ontvang nie, te sterwe kom, sal dit beskou word asof die LID op die dag van sy dood geëmeriteer het en sal die toepaslike bepalings van Reëls 14.1.2 en 14.3.2.2 geld met dien verstande dat dit aanvaar sal word dat die LID een derde van sy REGMATIGE AANDEEL kragtens Reël 14.1.2 in kontant geneem het.

#### 14.3.2 Reeds geëmeriteer

14.3.2.1 indien 'n LID wat reeds 'n jaargeld ingevolge Reël 14.1.2 ontvang, te sterwe kom, sal die jaargeld staak tensy die sterfte plaasvind voordat die jaargeld vir 'n periode van vyf jaar na die aanvang van die jaargeld betaal is, in welke geval betaling van die jaargeld sal voortgaan totdat die jaargeld vir die genoemde vyf jaar-periode betaal is, met dien verstande dat

- indien die LID 'n GEREKTIGDE GADE nalaat, sodanige uitstaande paaiemente aan die GEREKTIGDE GADE betaal sal word, en
- indien die LID 'n GEREKTIGDE GADE nalaat nie of indien 'n GEREKTIGDE GADE sterf terwyl sodanige uitstaande paaiemente betaalbaar is, 'n enkelbedrag gelykwaardig aan die balans van die uitstaande paaiemente in die boedel van die LID of die GEREKTIGDE GADE, welke ookal van toepassing is, gestort sal word. Die enkelbedrag sal deur die AKTUARIS bereken word.

14.3.2.2 indien 'n LID 'n GEREKTIGDE GADE nalaat en mits sy jaargeld nie ten volle in 'n enkelbedrag betaal is nie, sal daar na staking van die betaling van jaargeld ingevolge Reël 14.1.2 aan die GEREKTIGDE GADE 'n maandelikse jaargeld betaal word wat gelyk is aan 50% van die maandelikse jaargeld wat voor sodanige staking ten opsigte van die LID betaalbaar sou wees indien hy nie 'n gedeelte van sy jaargeld ingevolg Reël 14.1.2 in kontant geneem het nie.”

#### 10 REËL 14.7.2 (Acta 1997:3230)

“Indien die bydraes wat deur en ten opsigte van 'n LID betaalbaar is, nie voortgesit word nie, mag die LID of die KERKRAAD versoek dat die LID se REGMATIGE AANDEEL in die FONDS gehou word tot hoogstens die bereiking van die LID se EMERITEEROUDERDOM. Gedurende sodanige tydperk van tydelike afwesigheid sal geen sterftevoordele ingevolge Reël 14.2 op die LID en/of BEGUNSTIGDES van toepassing wees nie. Die REGMATIGE AANDEEL sal steeds onderhewig wees aan dieselfde verhogings wat op die bydraende LEDE van toepassing is. Die LID en/of KERKRAAD mag te enige tyd na die aanvang van die periode van tydelike afwesigheid, opdrag gee dat die REGMATIGE AANDEEL aan die LID betaal word. Die REGMATIGE AANDEEL sal dan ingevolge Reël 14.1 of 14.6 hanteer word.”

**Besluit:** Kennis geneem.

### 3. Emeritering en afsterwe van lede

3.1 Predikante wat sedert 1 Januarie 1997 geëmeriteer het is: 21

3.2 Predikante oorlede : 2

**Besluit:** Kennis geneem.

### 4. Ongeskiktheid KO, art. 13

Predikante wat medies ongeskik verklaar is: 7

Daar bestaan 'n ongeskiktheidsrekening vir die invloed en uitgawe van ongeskiktheidsinkomste wat aan die predikante oorbetal word.

Die state by die Ongeskiktheidsfonds wat jaarliks geoudit word lyk soos volg:

**Besluit:** Kennis geneem.

## **5. Lede uit die Pensioenfonds**

Predikante wat sedert 1 Januarie 1997 volgens KO, artt. 12, 79 en 80 uit die bediening is: 12

**Besluit:** Kennis geneem.

## **6. Verslag oor finansies en beleggings**

### *6.1 Beleggings*

6.1.1 Beleggingsbeleid. 'n Beleggingsbeleid is in samewerking met die aktuaris opgestel. Die beleid lui soos volg:

1. Die verpligtinge van die GKSA Predikante Pensioenfonds is van 'n langtermyn aard en die beleggings behoort dus ook van 'n langtermyn aard te wees.
2. Die verpligtinge van die fonds word verteenwoordig deur die saldo's wat ten opsigte van die lede van die fonds toegedeel word. Hierdie saldo's word opgebou met die uitsluitlike doel om by emeritering voordele aan lede beskikbaar te stel. Dit is gewens dat hierdie voordele verband sal hou met elke betrokke lid se vergoeding op daardie stadium. Aangesien hierdie vergoeding oor tyd sal verhoog op 'n basis wat met inflasie tred hou, is dit noodsaaklik dat 'n beduidende gedeelte van die bates van die fonds ook belê word in instrumente waarvan die opbrengs ook oor tyd gereken inflasieverwant sal wees, te wete aandele en eiendomme.
3. Aangesien hierdie toepaslike beleggingsveld 'n hoë vlak van kundigheid en toepaslike tegniese kennis vereis, is dit aangewese om professionele beleggingsbestuurders aan te wys om namens die Trustees hierdie beleggingsfunksie te verrig.
4. Die rol van die Trustees is dan om op 'n deurlopende basis die prestasie van die aangewese beleggingsbestuurders te beoordeel ten einde sover moontlik te verseker dat 'n optimale beleggingsopbrengs op die bates van die GKSA Predikante Pensioenfonds behaal word.
5. Aangesien die lede van die fonds se voordele by emeritering direk gekoppel is aan die beleggingsopbrengs wat op die bates van die fonds behaal word, dra die lede dus ook effektief die volle beleggingsrisiko onder die fonds en het die Trustees dus 'n baie groot verantwoordelikheid om namens die lede toe te sien dat die behaling van 'n optimale beleggingsopbrengs wel deurgaans nagestreef word.  
In hierdie verband egter behoort die Trustees ook in ag te neem dat die fonds tans nog relatief jonk is en dat 'n skerp fluktuierende beleggingsprestasie op hierdie stadium baie negatief deur die lede van die fonds ervaar mag word. In die lig hiervan is dit raadsaam dat 'n gedeelte van die bates van die fonds (byvoorbeeld die eerste R5-miljoen se beleggings plus die beleggingsgroei daarop) vir die afsienbare toekoms in sogenaamde gewaarborgde beleggingsportefeuljes belê word ten einde 'n mate van stabiliteit in die totale beleggingsopbrengs te bewerkstellig, maar sonder om noodwendig te veel van die optimale groei wat op 'n suiwer markwaardebasis behaal sou kon gewees het, prys te gee.
6. Aangesien die funksie van die optimale belegging van die bates van die fonds ten volle aan die aangewese beleggingsbestuurders van tyd tot tyd gedelegeer word, behoort alle beskikbare kontant, behalwe vir 'n klein batige saldo van byvoorbeeld R2 000 maksimum, op 'n deurlopende basis in die ooreengekome verhoudings na die aangewese beleggingsbestuurders oorgeplaas te word, en kan die nodige fondse om voordele te betaal, dan soos nodig van hierdie betrokke partye aangevra word. Daar moet daarteen gewaak word om nie hierdie delegasierol af te water deur van tyd tot tyd enige ander handeling met betrekking tot die hantering van beskikbare kontant goed te keur nie.

7. Ten einde die Trustees in staat te stel om hulle toesighoudende rol in die verband na behore te verrig, behoort voldoende inligting op 'n gereelde basis aan hulle beskikbaar gestel te word met betrekking tot onder andere

- die vergelykende beleggingsprestasie wat deur elke beleggingsbestuurder behaal is (oor verskillende periodes gemeet indien moontlik)
- die hantering van kontantvloei
- die stand van debiteure en krediteure.

6.1.2 Beleggingskommissie. Die Trustees het 'n Kommissie saamgestel waarop die aktuaris sitting het. Die Kommissie het met bogenoemde beleggingsbeleid as basis, aanbevelings by die Trustees gemaak.

**Besluit:** Kennis geneem.

6.1.3 Fondse belê:

**GKSA PREDIKANTE PENSIOENFONDS**

Inligting soos per jongste state ontvang van verskillende maatskappye

**PENSIOENFONDS**

	<b>SANLAM (1/9/99)</b>		<b>SOUTHERN ( Skema 096726)</b>		<b>TOTAAL @ BOEKWAARDE</b>
<u>Polisbeleggings</u>					
	Kapitaal	Na bonusse			
- Gewaarborgde portefeuljies	3,701,500	4,287,007	4,113,663		7,815,163
<u>Maatskappy en staatsdatum</u>	<b>SANLAM 200+(1/9/99)</b>		<b>INVESTEC (31/9/99)</b>		
	Boekwaarde	Markwaarde	Boekwaarde	Markwaarde	
- Bestuurde portefeuljies *	4,659,676	4,944,337	5,102,419	5,171,640	9,762,095
Totaal per maatskappy in polisse	8,361,176	9,231,344	4,113,663	5,102,419	5,171,640
<u>Beleggings tot op datum *</u> in Bestuurde portefeuljies (* Alle beleggings is nog nie erken nie)					
In aandele					
Aantal	70,290				
Verkoopsprys soos op 1/11/99	6.90				
Totale waarde in aandele	485,001.00	485,001.00			485,001.00
<b>Belegging per maatskappy en in TOTAAL</b>	<b>8,846,177</b>	<b>9,716,345</b>	<b>4,113,663</b>	<b>5,102,419</b>	<b>5,171,640</b>
					<b>18,062,259</b>

**Besluit:** Kennis geneem.

6.1.4 Ouditstate

**BEZUIDENHOUT & STEYN**  
**GEOKTROOIEERDE REKENMEESTERS (S.A)**  
**CHARTERED ACCOUNTANTS (S.A)**

**VENNOTE/PARTNERS:**

**P.M. STEYN**

**J.C JONKER**

**Bygestaan deur/Assisted by:**

**G.W.L. BEZUIDENHOUT**

**POSBUS / P.O. BOX: 597**

**TELEFOON / TELEPHONE: (018) 297-5457/8/9**

**Faks / Fax: (018) 294-8720**

*e-Pos: jscasa@iafrica.com*

*RETIEFSTRAAT 11 RETIEF STREET*

*POTCHEFSTROOM 2520*

10 November 1999

Aan die Trustees van:

GKSA - PREDIKANTE PENSIOENFONDS

Ons het die finansiële jaarstate van die GKSA - PREDIKANTE PENSIOENFONDS soos uiteengesit op onderstaande bladsye vir die jaar geëindig 30 Junie 1999 geouditeer. Hierdie finansiële state is die verantwoordelikheid van die Trustees. Ons verantwoordelikheid is om oor hierdie finansiële state, gegrond op ons audit, verslag te doen.

**Omvang**

Ons het die audit ooreenkomstig standpunte van die Suid-Afrikaanse auditstandaarde uitgevoer. Hierdie standpunte vereis dat ons die audit beplan en onderneem ten einde gerusstelling te verkry dat die finansiële state vry is van wesenlike wanvoorstellings.

'n Audit sluit in:

- 'n Ondersoek op 'n toets-grondslag, van bewyse ter ondersteuning van bedrae en openbaarmakings in die finansiële state
- 'n beoordeling van die rekenkundige beginsels toegepas en beduidende ramings deur bestuur gemaak; en 'n evaluering van die algehele aanbieding van die finansiële state.

Ons glo dat ons audit 'n redelike grondslag vir ons mening verskaf.

**Ouditmening**

Na ons mening verstrek hierdie state 'n redelike weergawe, in alle wesenlike opsigte, van die GKSA - Predikante Pensioenfonds die op 30 Junie 1999 en van die resultate van sy bedrywighede vir die jaar geëindig op daardie datum, in ooreenstemming met algemeen aanvaarde rekenkundige praktyk.

BEZUIDENHOUT EN STEYN

Geregistreerde Rekenmeesters en Ouditeure

Geoktrooieerde Rekenmeesters (S.A.)



**GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA PREDIKANTE**  
**PENSIOENFONDS**  
**REGISTRASIE NOMMER: 12/8/30285/2**

**TRUSTEES SE VERSLAG TEN OPSIGTE VAN DIE PENSIOENFONDS**

Die trustees bied hierby hulle verslag vir die jaar geëindig 30 Junie 1999 aan.

**1. BESTUUR**

**1.1 Trustees**

Die name van die trustees gedurende die jaar onder oorsig is:

Lede

:

B.J. Kruger

H.S.J. Vorster

M.P. Fourie (aangestel 8/6/1999)

D.J.S. Steyn (Voorsitter)

B.G. Kukkuk

L.H. van Schaik

C.J.H. Kruger

J.H. Howell

**1.2 Hoofbeampte**

Naam van hoofbeampte:

H.S.J. Vorster

Datum van aanstelling:

1 Desember 1995

**1.3 Geregistreeerde kantoor en posadres van die fonds**

Adres van geregistreeerde kantoor:

Posadres:

Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika

Posbus 20004

H/V Molen- en Meyerstraat

NOORDBRUG

POTCHEFSTROOM

2522

2520

**1.4 Waardeerder**

Naam van waardeerder:

C. Erasmus

**1.5 Beleggingsadministrateur**

Naam van die beleggingsadministrateurs:

Sanlam

Investec

Momentum

**1.6 Deelnemende werkgewers**

Die volgende werkgewers neem ingevolge die statute van die fonds aan hierdie pensioenfonds deel:

Kerkrade van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika

**GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA PREDIKANTE**  
**PENSIOENFONDS**  
**REGISTRASIE NOMMER: 12/8/30285/2**

**TRUSTEES SE VERSLAG TEN OPSIGTE VAN DIE PENSIOENFONDS**

**2. BESKRYWING VAN DIE PENSIOENFONDS**

**2.1 Tipe pensioenfonds**

Vir die doeleindes van die voorgeskrewe finansiële state van die fonds is die fonds ingevolge artikel 1 van die Inkomstebelastingwet 1962, geklassifiseer as 'n pensioenfonds.

**2.2 Voordele**

Groepslewendekking, ongeskiktheidsdekking en pensioenvoorsiening.

**3. BELEGGINGSBELEID VIR DIE VERSLAGJAAR**

Die fonds se beleggings bestaan deels uit 'n gewaarborgde portefeulje en deels uit markverwante beleggings.

Die trustees het vir die jaar geëindig 30 Junie 1999 die volgende beleid aanvaar:  
100% van alle beskikbare kontant word in gelyke dele in Sanlam en Investec belê.

**4. OORSIG VAN DIE JAAR SE AKTIWITEITE**

**4.1 Lidmaatskap**

Die getal lede op 30 Junie 1999 was: 288

- a. Oordragte ontvang - geen
- b. Oordragte uit - geen
- c. Toetredes - 11
- d. Onttrekking - 14

**4.2 Opgelope fonds**

Ledebydraes is 7.5% van die pensioengewende traktement en die Kerkrade se bydrae is 12.5% van die pensioengewende traktement.

**5. GETROUHEIDSDEKING**

Volgens die opinie van die trustees is voldoende getrouheidsdekking uitgeneem.

**GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA PREDIKANTE  
PENSIOENFONDS  
REGISTRASIE NOMMER: 12/8/30285/2**

**TRUSTEES SE VERSLAG TEN OPSIGTE VAN DIE PENSIOENFONDS**

**6. GOEDKEURING VAN DIE FINANSIËLE STATE**

Die finansiële state van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika Pensioenfonds asook alle ander inligting in hierdie verslag vervat, is die verantwoordelikheid van die trustees en die hoofbeampte.

Die trustees en die hoofbeampte voer hierdie verantwoordelikheid uit hoofsaaklik deur die daarstelling en instandhouding van rekeningkundige stelsels en praktyke wat behoorlik gesteun word deur interne rekeningkundige kontroles. Hierdie kontroles, wat deur die fonds of sy administrateurs geïmplementeer en uitgevoer word, verseker dat die fonds se bates beveilig word, transaksies behoorlik gemagtig en uitgevoer word en dat die finansiële rekords betroubaar is. Hierdie finansiële state is ooreenkomstig algemeen aanvaarde rekeningkundige praktyk, die statute van die fonds en die bepalinge van die Wet op Pensioenfonds, 1956, opgestel.

Die finansiële state van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika Predikante Pensioenfonds uiteengesit op bladsye 6 tot 9 is deur die trustees en die hoofbeampte goedgekeur op .....en word deur hulle gesertifiseer as, na die beste van hul wete en kennis, waar en redelik, en word namens hulle geteken deur:

**VOORSITTER**

**TRUSTEE**

**HOOFBEAMPTE**

**D.J.S. Steyn**

**B.G. Kukkuk**

**H.S.J. Vorster**

**GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA PREDIKANTE**  
**PENSIOENFONDS**  
**REGISTRASIE NOMMER: 12/8/30285/2**

**STAAT VAN FONDSE EN NETTO BATES OP 30 JUNIE 1999**

	Aant.	1999 R	1998 R
<b>1. FONDSE</b>			
1.1 OPGELOPE FONDS			
Pensioen		17,225,337	12,986,109
<b>TOTALE FONDSE</b>		<u>17,225,337</u>	<u>12,986,109</u>
<b>2. BATES</b>			
2.1 BELEGGINGS	6	16,957,259	13,131,495
2.2 SANLAM	7	421,740	-
2.3 BEDRYFSBATES		15,600	6,814
Bank		1,962	4,006
Debiteure		13,638	2,808
<b>TOTALE BATES</b>		<u>17,394,599</u>	<u>13,138,309</u>
<b>3. MIN: VERPLIGTINGE</b>			
3.1 BEDRYFSLASTE		169,263	152,200
Voordele betaalbaar		20,297	45,897
Voorsienings		66,459	53,600
Ontvanger van Inkomste		82,506	52,703
<b>NETTO BATES</b>		<u>17,225,337</u>	<u>12,986,109</u>

**GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA**  
**PREDIKANTE PENSIOENFONDS**  
**REGISTRASIE NOMMER: 12/8/30285/2**

**INKOMSTEREKENING VIR DIE JAAR GEËINDIG 30**  
**JUNIE 1999**

	Aant.	1999 R	1998 R
1. Bydraes ontvang		5,223,874	5,153,056
1.1 Ledebydraes - Normaal		1,958,953	1,932,396
1.2 Werkgewers - Normaal		3,264,922	3,220,660
2. Beleggingsinkomste	2	426,715	1,000,317
Subtotaal		5,650,589	6,153,373
3. Min: Administrasie uitgawes		1,282,129	1,351,496
3.1 Algemene administratiewe uitgawes	3	98,219	82,891
3.2 Herversekeringspremies		1,183,910	1,268,605
4. Netto inkomste voor belasting		4,368,460	4,801,877
5. Belasting		187,990	75,242
6. Netto inkomste na belasting		4,180,470	4,726,635
7. Opgelope fondse			
7.1 Begin van jaar		12,986,109	8,733,306
7.2 Aandeel toegeken		421,740	-
7.3 Aansuiwerings ten opsigte van vorige jaar	4	(98,920)	(144,950)
8. Opgelope fondse - voor voordele		17,489,399	13,314,991
9. Min: Voordele			
9.1 Voordele toegeken	5	264,062	328,883
10. Opgelope fondse - einde van jaar		17,225,337	12,986,109

**GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA PREDIKANTE**  
**PENSIOENFONDS**  
**REGISTRASIE NOMMER: 12/8/30285/2**

**AANTEKENINGE BY DIE FINANSIËLE STATE SOOS OP 30 JUNIE 1999**

**1. REKENINGKUNDIGE BELEID**

Die volgende is die basiese rekeningkundige beleid wat deur die fonds gevolg word.

**Beleggings**

Beleggings word getoon teen kosprys plus rente verklaar en kapitaal bonusse uitbetaal.

Geen op- of afwaartse aanpassing word aan die kospryse gemaak weens markprys skommeling nie.

**Beleggings**

**inkomste**

Beleggings inkomste word eers gerealiseer met ontvangs daarvan.

**Reiskoste**

Reiskoste sluit in die reis- en ete onkoste aangegaan vir die duur van die vergadering.

	<b>1999</b>	<b>1998</b>
	<b>R</b>	<b>R</b>
<b>2. BELEGGINGSINKOMSTE</b>		
Rente ontvang	255,014	249,312
Dividende ontvang	38,043	15,764
Huur ontvang	-	42,463
Kapitaal bonusse/winste/verliese	65,949	452,360
Inkomste bonusse	67,708	240,417
	<u>426,715</u>	<u>1,000,317</u>
<b>3. ALGEMENE ADMINISTRATIEWE UITGAWES</b>		
Administratiewe gelde	75,195	81,151
Bankkoste	1,400	1,739
Ouditeursvergoeding	15,677	-
Registrasie- en ledegeld	974	-
Reiskoste	4,972	-
	<u>98,219</u>	<u>82,891</u>
<b>4. AANSUIWERING TEN OPSIGTE VAN VORIGE JARE</b>		
n Daling in die waarde van die Momentum gewaarborgde fonds het ontstaan as gevolg van die interim bonuskoers wat effektief op 1 April 1998 verminder is van 10% tot 0%. Die rede hiervoor was die negatiewe prestasie van die Aandelemark sedert Augustus 1998.	<u>(98,920)</u>	<u>(144,950)</u>

	1999	1998
	R	R
<b>VOORDELE TOEGEKEN</b>		
Pensioen en ongeschiktheid	74,221	90,192
Enkelbedrae by aftrede	13,919	161,509
Enkelbedrae voor aftrede - Onttrekking/Dood	139,973	35,560
Medies oorbetaal	4,958	6,492
L B S oorbetaal	30,990	35,129
	<u>264,062</u>	<u>328,883</u>

	Markwaarde	Boekwaarde	Boekwaarde
<b>BELEGGINGS</b>			
<b>Gewaarborgde Portefeuljes:</b>			
Sanlam Stabiele Bonus Portefeulje	4,489,511	3,701,500	3,579,947
Momentum	4,113,663	4,113,663	4,212,584
Saambou	10,082	10,082	-
<b>Markgekoppelde Portefeuljes:</b>			
Sanlam 200 Plus Portefeulje	4,792,169	4,375,240	2,596,930
Investec	4,977,732	4,756,774	2,742,034
	<u>18,383,157</u>	<u>16,957,259</u>	<u>13,131,495</u>

<b>AANDELE</b>		
Sanlam		
70290 aandele teen uitgifteprys	<u>485,001</u>	<u>421,740</u>

Markwaarde soos op 1 November 1999

**BEZUIDENHOUT & STEYN**  
**GEOKTROOIEERDE REKENMEESTERS (S.A)**  
**CHARTERED ACCOUNTANTS (S.A)**

**VENNOTE/PARTNERS:**

**P.M. STEYN**

**J.C JONKER**

**Bygestaan deur/Assisted by:**

**G.W.L. BEZUIDENHOUT**

**POSBUS / P.O. BOX: 597**

**TELEFOON / TELEPHONE: (018) 297-5457/8/9**

**Faks / Fax: (018) 294-8720**

*e-Pos: jscasa@iafrica.com*

*RETIEFSTRAAT 11 RETIEF STREET*

*POTCHEFSTROOM 2520*

10 November 1999

Aan die Trustees van:

GKSA - ONGESKIKTHEIDSFONDS

Ons het die finansiële jaarstate van die GKSA – ONGESKIKTHEIDSFONDS soos uiteengesit op onderstaande bladsye vir die jaar geëindig 30 Junie 1999 geouditeer. Hierdie finansiële state is die verantwoordelikheid van die Trustees. Ons verantwoordelikheid is om oor hierdie finansiële state, gegrond op ons audit, verslag te doen.

**Omvang**

Ons het die audit ooreenkomstig standpunte van die Suid-Afrikaanse auditstandaarde uitgevoer. Hierdie standpunte vereis dat ons die audit beplan en onderneem ten einde gerusstelling te verkry dat die finansiële state vry is van wesenlike wanvoorstellings.

'n Audit sluit in:

- 'n Ondersoek op 'n toets-grondslag, van bewyse ter ondersteuning van bedrae en openbaarmakings in die finansiële state
- 'n beoordeling van die rekenkundige beginsels toegepas en beduidende ramings deur bestuur gemaak; en 'n evaluering van die algehele aanbieding van die finansiële state.

Ons glo dat ons audit 'n redelike grondslag vir ons mening verskaf.

**Ouditmening**

Na ons mening verstrekk hierdie state 'n redelike weergawe, in alle wesenlike opsigte, van die GKSA - ONGESKIKTHEIDSFONDS die op 30 Junie 1999 en van die resultate van sy bedrywighede vir die jaar geëindig op daardie datum, in ooreenstemming met algemeen aanvaarde rekenkundige praktyk.

BEZUIDENHOUT EN STEYN

Geregistreerde Rekenmeesters en Ouditeure

Geoktrooieerde Rekenmeesters (S.A.)



**GKSA  
ONGESKIKTHEIDSFONDS**

**TRUSTEES SE VERSLAG TEN OPSIGTE VAN DIE  
ONGESKIKTHEIDSFONDS**

Die trustees bied hierby hulle verslag vir die jaar geëindig 30 Junie 1999 aan.

**1. BESTUUR**

**1.1 Trustees**

Die name van die trustees gedurende die jaar onder oorsig is:

Lede:

B.J. Kruger

H.S.J. Vorster

C. Aucamp

D.J.S. Steyn

B.G. Kukkuk

L.H. van Schaik

C.J.H. Kruger

J.H. Howell

**1.2 Hoofbeampte**

Naam van hoofbeampte:

H.S.J. Vorster

Datum van aanstelling:

1 September 1997

**1.3 Geregistreeerde kantoor en posadres van die fonds**

Adres van geregistreeerde kantoor:

Posadres:

Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika

Posbus 20004

H/V Molen- en Meyerstraat

NOORDBRUG

POTCHEFSTROOM

2522

2520

**1.4 Waardeerder**

Naam van waardeerder:

C. Erasmus

**GKSA ONGESKIKTHEIDSFONDS  
INKOMSTESTAAT VIR DIE JAAR GEËINDIG 30  
JUNIE 1999**

	<b>1999 R</b>	<b>1998 R</b>
INKOMSTE	486,223	216,065
Bydraes ontvang	485,377	215,579
Bankrente	847	485
UITGAWES	486,114	216,012
Bankkoste	737	433
Lid voordele	255,857	130,724
L B S	78,913	28,353
Medies betaal	41,820	7,823
Pensioen betaal	108,786	48,679
Netto wins vir die jaar	109	53
Opgehoopte fonds - begin van jaar	53	-
Opgehoopte fonds - einde van jaar	<b>162</b>	<b>53</b>

**GKSA ONGESKIKTHEIDSFONDS  
BALANSSTAAT OP 30 JUNIE 1999**

	R	R
<b>FONDSE AANGEWEND</b>		
Opgehoopte fondse	162	53
<b>AANWENDING VAN FONDSE</b>		
Bedryfsbates	11,526	28,317
Debiteure	4,852	758
Bank	6,674	27,559
Bedryfslaste	11,364	28,265
Voorsienings	-	3,306
Vooruitontvange inkomste	11,364	24,959
Netto bedryfsbates	<b>162</b>	<b>53</b>

**Besluit:** Kennis geneem.

#### **7. Sake waaroor die Sinode moet besluit**

7.1 Die Sinode se advies word gevra oor Gereformeerde Kerk Jeffreysbaai en hulle predikant ds. D.P.J. Erasmus (kyk 1.14 van hierdie Rapport) wie se PGT R11 500 per jaar is en waarvolgens die syfers die ds. Erasmus by eventuele emeritering kragtens KO, art. 13 totaal onversorg sal wees en by 'n moontlike afsterwe sy weduwee/wese ook totaal onversorg sal wees KO, art. 20. Volgens die Sinodebesluit van 1997 moet die kerkverband hiervan kennis dra.

**Besluit:** Die Trustees neem die saak weer skriftelik met die Kerkraad van die Gereformeerde Kerk Jeffreysbaai en hulle predikant, ds. D.P.J. Erasmus, op en indien die saak nie na bevrediging opgelos word nie, gee die Trustees die kerke daarvan kennis.

7.2 Die Sinode se advies word gevra oor Gereformeerde Kerk Heidedal en hulle predikant ds. C.D. Japhta van wie geen pensioenfondsbydrae ontvang word nie. Herhaalde skrywes aan die kerkraad en die Klassis is onbeantwoord. Op die huidige oomblik word ds. Japhta se ongeskiktheidsdekking en doodsversekering gedra deur die ander predikante wat lede is van die GKSA Predikante Pensioenfonds.

**Besluit:** Die Trustees stel die Kerkraad van die Gereformeerde Kerk Heidedal skriftelik in kennis dat hulle (die Trustees) 'n PGT van R1 per maand vir ds. C.D. Japhta sal opgee indien die Kerkraad nie onverwyld aan die Trustees kennis gee wat ds. Japhta se huidige PGT is en dienooreenkomstig tot die GKSA Predikante Pensioenfonds bydra nie.

Dié Predikante se Regmatige Aandeel groei dus nie soos hulle kerkrade daartoe bydra aangesien hulle bogenoemde versekering dra.

#### **8. Opdragte aan die nuwe Trustees**

8.1 Aan die nuwe Trustees word opgedra om uitvoering te gee aan alle sake waaroor die Sinode oor die Pensioenfonds besluit het.

8.2 Gee uitvoering aan alle sake wat kragtens die Reglement van die GKSA Predikante Pensioenfonds aan hulle opgedra word.

8.3 Die Sinode dra dit aan die nuwe Trustees om minstens driejaarlikse kwotasie van versekeraars aan te vra vir die onderskrywing van die sterfte- en ongeskiktheidsvoordele en die nodige aanpassings te maak.

8.4 Die Kerkrade word opnuut gemaak om die werklike PGT (Pensioengewende Traktement) wat die predikant ontvang aan die Trustees van die Pensioenfonds deur te gee aangesien dit die standaard van versorging van die predikant en/of sy afhanklikes gaan bepaal en die Kerkraad vir sy/hulle versorging verantwoordelik is (vgl. KO, artt. 13 en 20).

8.5 Die PGT word vasgestel om minstens die kontant-gedeelte van die traktement te wees. Die Trustees kry opdrag om dokumentêre bewys op 'n vorm wat deur die Trustees aan die Kerke gestuur word, jaarliks van al die Kerke te verkry waarin die PGT bevestig word.

8.6 Waar die visitatore altyd navraag doen oor die versorging van die predikant (KO, art. 11) moet daar ook nou verslag gedoen word of die Kerkraad en predikant se bydrae op die volle pakket bereken word. Die aangeleentheid moet dan ook in die visitasierapport vervat word.

8.7 Die Sinode gee aan die nuwe Trustees opdrag om mnr. C. Erasmus vir 'n verdere periode van 3 jaar as Aktuaris van die Fonds aan te stel.

8.8 Om alle sake wat voortspruit uit die samewerking van kerke in terme van KO, artt. 13 en 20 te hanteer.

**Besluit:** Punte 8.1 tot 8.8 goedgekeur.

### **AANVULLENDE RAPPORT PREDIKANTE PENSIOENFONDS**

1. *Verkieping van nuwe Trustees ( onder Reglementwysigings)*

Die tweede rondte verkiesing het plaasgevind en die volgende is as Trustees verkies: Dr. D.J.S. Steyn, di. L.H. van Schaik, J.H. Howell en dr. J.L. Ras. As sekundi is verkies dr. S.J. van der Merwe en ds. M.P. Fourie. Die termyn van die nuwe Trustees is tot Sinode 2003. In November 2002 sal daar weer 'n ledeverkiesing plaasvind.

2. Die Sinode dra dit aan die nuwe Trustees op om minstens twee jaarliks kwotasies van versekeraars aan te vra vir die onderskrywing van die sterfte- en ongeskiktheidsvoordele (Acta 1997:329, 3.1.4.1.2)

**Besluit:** Kennis geneem.

## VERSLAG INSAKE MARKONDERSOEK : VERSEKERING VAN VOORDELE

'n Markondersoek na tariewe en kontrakbepalings van versekeraars is soos per Trusteebesluit gedoen. Die versekeraars is gevra om te kwoteer vir die voordele soos dit tans bestaan. Verder is kwotasies gevra vir 'n eggenoteversekeringspolis op die lewens van die gades van die predikante.

Die versekeraars wat genader is, is die volgende: Capital Alliance (voorheen Standard General en Commercial Union), Fedsure, Metropolitan Lewens, Ou Mutual, Sanlam, Sage Lewens.

Die kwotasies is gebaseer op 'n totale jaarlikse PGT van R28 444 553.

### 1. Sterfte- en enkelbedrag ongeskiktheidsvoordeel

#### 1.1 Sterftevoordele

Die sterftevoordele (enkelbedrag = 2 X jaarlikse PGT plus weduweepensioen = 40% PGT plus kinderpensioen = 10% PGT) word sodanig verseker dat slegs enkelbedrae (soos deur die aktuaris bereken vir elke verskillende ouderdom) by die lid se dood van die versekeraar geëis word. Die fonds betaal dan die verskillende voordele en nie die versekeraar nie.

Die enkelbedrae vir verskillende ouderdomme is bv. soos volg:

Ouderdom	Enkelbedrag as veelvoud van jaarlikse PGT
30	7.77
35	7.09
40	7.42
45	7.30
50	6.64
55	6.02
60	5.54

Die huidige versekeraar is Sage Lewens en die koste is 3.35% van PGT (R952 892 per jaar).

Die voordeel staak wanneer die lid 65 jaar bereik of by emeritering voor hierdie ouderdom, watter ookal eerste plaasvind.

Die kwotasies is soos volg:

Versekeraar	Koste as % PGT	Koste per jaar
Capital Alliance	4.600%	R1 308 449
Fedsure	2.650%	R 753 781
Metropolitan	4.560%	R1 153 712

Ou Mutual	5.324%	R1 514 388
Sage Lewens	3.760%	R1 069 515
Sanlam	4.910%	R1 396 628

## 1.2 Enkelbedrag ongeskiktheid

Die koste van hierdie voordeel is by die koste van die sterftevoordeel ingesluit. Verder staak die dekking ses maande voor die lid 65 word.

## 1.3 Vergelyking van kwotasies

### 1.3.1 Koste

Sage Lewens se tarief is ietwat meer as wat tans betaal word en dit is as gevolg van die eise-ondervinding.

Die ander versekeraar wat oorweeg kan word is Fedsure (wat terloops tans die mediese skema onderskryf deur NMA). Indien hierdie versekeraar gekies word, sal dit 'n besparing van ongeveer R300 000 per jaar teweeg bring.

### 1.3.2 Kontrakbepalings

Die ongeskiktheidsvoordeel wat verseker word, is vir totale en permanente ongeskiktheid vir eie of soortgelyke beroep. Daar is 'n ses maande wagperiode voordat die eis betaal word. Verder word nuwe lede gedurende die eerste 12 maande van lidmaatskap nie gedek nie as die ongeskiktheid voortspruit uit 'n siekte of ongeluk waarvan die lid bewus was of waaraan hy gely het gedurende die eerste 12 maande voor sy lidmaatskap 'n aanvang geneem het. Lede wat reeds lid van die fonds is, se toetreedatum word gebruik by hierdie versekering.

Sanlam se kontrak is nie aanvaarbaar nie aangesien hulle die ongeskiktheidsvoordeel slegs aanbied vir ENIGE beroep.

Fedsure, wat die laagste koste het, se kontrakbepalings is soos aangevra.

Indien ons na 'n ander versekeraar gaan, sal die nuwe versekeraar die 12 maande soos hierbo 'n aanvang laat neem op dieselfde datum as wat tans op die lid van toepassing is. Die volle 12 maande sal dus slegs geld vir persone wat tans nog nie lid van die fonds is nie.

### 1.3.3 Plasing van versekering

Die kostebesparing wat die oorplaas van die versekering na Fedsure meebring, kan nie versmaai word nie. Daar is met die huidige versekeraars (Sage Lewens) onderhandel om vas te stel of hy bereid is om sy tarief na die van Fedsure te verlaag. Hulle was nie bereid om dit te doen nie.

Die Dag-tot-Dag-Kommissie het in die lig van die kostebesparing besluit om die versekering van die sterfte- en enkelbedragongeskiktheidsvoordele met ingang 1 Desember 1999 na Fedsure oor te plaas.

Ons sal die Kerkrade hiervan in kennis stel met die oog op die "aktief in diens"-klousule. Hierdie klousule, wat by alle versekeraars aangetref word, bepaal dat slegs diegene wat op die datum (waarop dekking 'n aanvang neem) aktief in diens is, gedek sal word. Dieselfde proses is gevolg toe die versekering van die ongeskiktheidsinkomste van Sage Lewens na Ou Mutual oorgeplaas is.

**Besluit:** Kennis geneem.

## 2. Ongeskiktheidsinkomste

Die huidige versekeraar is Ou Mutual en die koste beloop 2,00% van totale PGT.

Die kwotasies is soos volg:

<b>Versekeeraar</b>	<b>Koste as % PGT</b>	<b>Koste per jaar</b>
Capital Alliance	0.92%	R261 690
Fedsure	1.96%	R557 513
Metropolitan	1.76%	R500 624
Ou Mutual	2.00%	R568 891
Sage Lewens	2.40%	R682 669
Sanlam	1.86%	R529 069

## 2.1 *Vergelyking van kwotasies*

### 2.1.1 Koste

Ou Mutual het nie nou weer gekwoteer nie maar genoem dat die koste wat vanaf Julie 1999 geld (2,00% van PGT), gebruik moet word.

Indien die versekering na Metropolitan, wat die laagste gekwoteer het, oorgeplaas word, sal 'n besparing van ongeveer R68 000 per jaar teweeg gebring word. Verder sal Ou Mutual, wat die voordeel tans onderskryf, die maandelikse voordele bly betaal soos hulle dit sou gedoen het as die versekering by hulle gebly het.

### 2.2.2 Kontrakbepalings

Capital Alliance verseker slegs persone 60 jaar en jonger  
Sanlam kwoteer slegs vir ENIGE beroepsongeskiktheid  
Metropolitan se kontrakbepalings is soos die voordeel tans daar uitsien.

### 2.2.3 Plasing van versekering

Die huidige versekeeraar, Ou Mutual, se koste is net meer as R5 000 per maand meer as die van die laagste kwotasie naamlik die van Metropolitan. Ook hier is die huidige versekeeraar gevra of hulle bereid is om sy tarief te verlaag. Hulle was ook nie hiertoe bereid nie.

As gevolg van die klein verskil in tarief en van die goeie diens wat ons by Ou Mutual ontvang het, het die Dag-tot-Dag-Kommissie besluit om die versekering van die ongeskiktheidsinkomsteversekering by Ou Mutual te laat. Verder is ons ook nie seker van Metropolitan se diens nie.

**Besluit:** Kennis geneem.

## 3. **Eggenoteversekering**

Die kwotasies is gevra vir 'n voordeel van een maal jaarlikse PGT. Slegs dood word verseker.

Die kwotasies is soos volg:

<b>Versekeeraar</b>	<b>Tarief per R1 000 dekking per maand</b>
Capital Alliance	R0.330
Fedsure	R0.273
Metropolitan	R0.225
Ou Mutual	R0.225
Sage Lewens	R0.250
Sanlam	R0.212

Aangesien hierdie versekering 'n nuwe polis is, sal die aanvaarding daarvan eers deur die Sinode 2000 goedgekeur moet word.

Indien goedgekeur, sal predikante wat op die aanvangsdatum jonger as 65 jaar is, vrywillig by die skema mag aansluit. Nuwe predikante na die aanvangsdatum sal verplig wees om aan te sluit. As die versekering by Ou Mutual geplaas word, sal die maandelikse premie meebring vir die onderstaande verskillende PGT's:

Jaarlikse PGT	Premie per maand
R 40 000	R 9.00
R 60 000	R13.50
R 80 000	R18.00
R100 000	R22.50

Die volle premie sal deur die predikant SELF betaal moet word om die opbrengs belastingvry te kan ontvang.

Aangesien die tariewe hierbo bereken is asof alle predikante sal toetree en dit baie moontlik is dat nie almal sal toetree nie, sal die tarief herbereken word na gelang van die persone wat wel toetree. Dit mag dan gebeur dat die finale tarief meer (of dalk minder) sal wees as die gekwoteerde tarief.

**Besluit:** Kennis geneem en dra aan die Trustees op om voort te gaan met die implementering van die eggenoteversekeringsplan soos dit uiteengesit is.

## **B. RAPPORT BYSTANDSFONDS**

(Vir behandeling deur die Nasionale Sinode)

### **SAKE WAAROO DIE SINODE KENNIS MOET NEEM**

#### **1. Sinode opdragte**

Die volgende opdragte is aan die Trustees opgedra:

1.1 *Die Sinode aanvaar die alternatief en stig 'n Bystandsfonds vir die versorging soos omskryf (Acta 1997:352, 1.5.1).*

Die opdrag is uitgevoer.

1.2 *Die Benoemde Trustees van die fonds word gemagtig om, wanneer dit nodig word om addisionele bydrae tot die Bystandsfonds te maak, hierdie addisionele bydrae, soos deur die Aktuaris bereken, te bekom by wyse van 'n oproep in die kerkverband om vrywillige bydraes vir die doel indien nodig (Acta 1997:352, 1.5.2).*

Die opdrag is uitgevoer maar tot op datum was dit nie nodig om addisionele bydraes uit die Kerkverband te kollekteer nie.

1.3 *Aan die nuwe Trustees word opdrag gegee om die stigting en verdere bestuur van die Bystandsfonds te reël (Acta 1997:362, 1.5.4).*

Die opdrag is uitgevoer maar tot op datum was daar geen uitbetalings uit die Bystandsfonds nie.

**Besluit:** Kennis geneem.

#### **2. Stand en groei van die Bystandsfonds**

2.1 Die Bystandsfonds is befonds deur die besparing van die versekering op sterfte- en ongeskiktheidvoordele.

2.2 Die fondse is belê by Norwich en BOE.

2.3 Tot en met die skrywe van die Rapport is geen aansoek ontvang om uit die fonds hulpverlening aan 'n kerkraad te gee nie.

2.4 Aanbevelings oor die verdere uitbouing van die fonds sal in die Aanvullende Agenda gegee word.

2.5 Aanbevelings oor die bestuur en benaming van die fonds sal in die Aanvullende Agenda gegee word.

**Besluit:** Kennis geneem.

### 3. Opdragte

- 3.1 Die nuwe Trustees van die fonds word gemagtig om, wanneer dit nodig word om addisionele bydrae tot die Bystandsfonds te maak, hierdie addisionele bydrae, soos deur die Aktuaris bereken, te bekom by wyse van 'n oproep in die kerkverband om vrywillige bydraes vir die doel indien nodig.
- 3.2 Aan die nuwe Trustees word opdrag gegee om die verdere bestuur van die Bystandsfonds te reël kragtens die Reglement hiervoor.
- 3.3 Gee uitvoering aan alle sake waaroor die Sinode besluit het.

**Besluit:** Goedgekeur.

### 4. Stand van fondse

<b>BYSTANDSFONDS</b>					
					TOTAAL
BOE (18/8/98)		FEDSURE (15/10/99)		@MARKWAARDE	
	Belegging	Markwaarde	Belegging	Markwaarde	
Belegging (Kontantwaarde @VKP)	377,793.83	364,744	377,736.39	359,640	724,384
Aantal onderaandele		200,507.99		37,925.47	

**Besluit:** Kennis geneem.

### 5. Ouditstate

**BEZUIDENHOUT & STEYN**  
**GEOKTROOIEERDE REKENMEESTERS (S.A)**  
**CHARTERED ACCOUNTANTS (S.A)**

**VENNOTE/PARTNERS:**

**P.M. STEYN**  
**J.C JONKER**

**Bygestaan deur/Assisted by:**  
**G.W.L. BEZUIDENHOUT**

**POSBUS / P.O. BOX: 597**

**TELEFOON / TELEPHONE: (018) 297-5457/8/9**

**Faks / Fax: (018) 294-8720**

*e-Pos: jscasa@iafrica.com*  
**RETIEFSTRAAT 11 RETIEF STREET**  
**POTCHEFSTROOM 2520**

10 November 1999

Aan die Trustees vann:  
GKSA - BYSTANDSFONDS

Ons het die finansiële jaarstate van die GKSA - BYSTANDSFONDS soos uiteengesit op onderstaande bladsye vir die jaar geëindig 30 Junie 1999 geouditeer. Hierdie finansiële state is die verantwoordelikheid van die Trustees. Ons verantwoordelikheid is om oor hierdie finansiële state, gegrond op ons oudit, verslag te doen.



### **Omvang**

Ons het die oudit ooreenkomstig standpunte van die Suid-Afrikaanse ouditstandaarde uitgevoer. Hierdie standpunte vereis dat ons die oudit beplan en onderneem ten einde gerusstelling te verkry dat die finansiële state vry is van wesenlike wanvoorstellings.

'n Oudit sluit in:

- 'n Ondersoek op 'n toets-grondslag, van bewyse ter ondersteuning van bedrae en openbaarmakings in die finansiële state
- 'n beoordeling van die rekenkundige beginsels toegepas en beduidende ramings deur bestuur gemaak; en 'n evaluering van die algehele aanbieding van die finansiële state.

Ons glo dat ons oudit 'n redelike grondslag vir ons mening verskaf.

### **Ouditmening**

Na ons mening verstrekk hierdie state 'n redelike weergawe, in alle wesenlike opsigte, van die GKSA - BYSTANDFONDS die op 30 Junie 1999 en van die resultate van sy bedrywighede vir die jaar geëindig op daardie datum, in ooreenstemming met algemeen aanvaarde rekenkundige praktyk.

BEZUIDENHOUT EN STEYN

Geregistreerde Rekenmeesters en Ouditeure  
Geoktrooieerde Rekenmeesters (S.A.)

**GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA BYSTANDSFONDS**  
**REGISTRASIE NOMMER: 12/8/21398**

**TRUSTEES SE VERSLAG TEN OPSIGTE VAN DIE BYSTANDSFONDS**

Die trustees bied hierby hulle verslag vir die jaar geëindig 30 Junie 1999 aan.

## **1. BESTUUR**

### **1.1 Trustees**

Die name van die trustees gedurende die jaar onder oorsig is:

Lede:

B.J. Kruger

H.S.J. Vorster

C. Aucamp

D.J.S. Steyn

B.G. Kukuk

L.H. van Schaik

C.J.H. Kruger

J.H. Howell

### **1.2 Hoofbeampte**

Naam van hoofbeampte:  
Datum van aanstelling:

H.S.J. Vorster  
1 Januarie 1997

**1.3 Geregistreeerde kantoor en posadres van die fonds**

Adres van geregistreeerde kantoor:  
Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika  
H/V Molen- en Meyerstraat  
POTCHEFSTROOM  
2520

Posadres:  
Posbus 20004  
NOORDBRUG  
2522

**1.4 Waardeerder**

Naam van waardeerder:

C. Erasmus

**1.5 Beleggingsadministrateur**

Naam van die beleggingsadministrateurs:  
Board of executors  
Fedsure

**GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA BYSTANDSFONDS**  
**REGISTRASIE NOMMER: 12/8/21398**

**INKOMSTESTAAT VIR DIE JAAR GEËINDIG 30 JUNIE 1999**

	1999 R	1998 R
<b>INKOMSTE</b>		
Bydraes ontvang	245,016	311,210
Rente ontvang		
- Board of Executors	11,717	8,237
- Fedsure	4,475	2,543
Dividende ontvang:		
- Board of Executors	2,555	-
- Fedsure	2,272	-
<b>Netto inkomste</b>	<b><u>266,034</u></b>	<b><u>321,989</u></b>

## **BALANSSTAAT OP 30 JUNIE 1999**

	<b>1999</b>	<b>1998</b>
	<b>R</b>	<b>R</b>
<b>FONDSE AANGEWEND</b>		
Opgehoopte fondse	466,939	144,950
Plus: Netto inkomste	266,034	321,989
	<u><b>732,974</b></u>	<u><b>466,939</b></u>

## **AANWENDING VAN FONDSE**

Beleggings	Markwaarde		
Board of Executors	349,892	373,096	236,316
Fedsure	373,914	359,878	230,623
	<u><b>723,806</b></u>	<u><b>732,974</b></u>	<u><b>466,939</b></u>

**Besluit:** Kennis geneem.

## **AANVULLENDE RAPPORT BYSTANDSFONDS**

### *1. Verdere uitbouing van Bystandsfonds*

Die Trustees het besluit dat die Fonds vir die huidige nie verder uitgebou word nie. Die Regmatige Aandeel van die predikante dienoreenkostig wat bespaar is op die versekering met die persentasie sal groei.

### *2. Bestuur en benaming van Bystandsfonds*

Die Fonds word soos per Reglement bestuur en die naam van die Fonds word verander na Ondersteuningsfonds.

**Besluit:** Kennis geneem.

## **C. RAPPORT MEDIESE VERSORGING**

(Vir behandeling deur die Nasionale Sinode)

### **SAKE WAAROO DIT DIE SINODE KENNIS MOET NEEM**

#### **1. Sinode opdragte**

##### *1.1 Die Sinode gee opdrag aan die Deputate om op hoogte te bly met ontwikkeling en, indien nodig, om na die eis van omstandighede te handel en aan die volgende Sinode te rapporteer (Acta 1997:297, 1.2.3.1.2).*

Die Deputate het die opdrag uitgevoer en moes noodwendig van Mediese Skema verander met die redes en motivering soos aan al die lede en hulle kerkrade en werkgewers deur gegee is.

Die nuwe skema is ook met groot sukses aan die predikante en werknemers van die Sinode Middellande en Soutpansberg bemark.

Die oorskakeling het met die normale pyne geplaas gegaan maar is deur die Deputate op 'n basis geplaas waar alle probleme direk deur mev. Wymie du Plessis in die kantoor gehanteer kan word.

- a) Die Deputate het op koste van NMA konsultante aangestel om van die administratiewe probleme te oorbrug. Die konsultante het tot 'n groot mate die probleme verlig.
- b) Gedurende 1999 het Fedsure Health vir NMA oorgeneem. Die Deputate het indringend samesprekings met mnr. Sias Els, bedryfsdirekteur van Fedsure Health gehad. Die samesprekings het die volgende na vore gebring:
  - b(i) Alle administratiewe probleme sal teen 1 November 1999 opgelos wees.
  - b(ii) By 1 November 1999 sal alle eise binne 24 uur geprosesseer sal wees en binne 14 dae uitbetaal wees.
  - b(iii) Daar is egter administratiewe probleme wat nie aan die deur van die mediese skema se huis gelê kan word nie. Lede moet asseblief self die eise met alle nodige inligting **korrek** deurstuur.
- c) 'n Besondere woord moet gerig word aan mev. Wymie du Plessis, wat in die spervuur gestaan het in die hantering van die administratiewe probleme. Mev. Du Plessis is steeds beskikbaar om lede se probleme in en rondom eise en eise-prosessering op te los.

1.2 *Die Sinode spreek sy waardering uit teenoor Bestmed vir die wyse waarop die beginsel van kruissubsidiëring toegepas word en vir die voordele wat ons daaruit geniet het (Acta 1997:298, 1.2.4.6.2).*

Die besluit is direk na die afloop van die vorige Sinode aan Bestmed oorgedra.

1.3 *Die Sinode spreek sy kommer uit oor die hoë bestedingspatroon van predikante en maan hulle tot versigtige gebruik van mediese dienste en dra dit aan die Deputate op om die erns van die saak onder die aandag van die predikante en kerke te bring (Acta 1997:298, 1.2.4.6.3).*

Dit is per brief onder die aandag van die lede en kerkrade gebring.

1.4 *Die Sinode doen 'n ernstige beroep op kerkrade om wel hulle predikant by die groep in te skakel wat deur die Deputate vir Emeritaatsversorging gereël word (Acta 1997:299, 1.2.4.6.3 (Opmerking)).*

Die nuwe skema is oop vir almal en vanaf 1 Januarie 2000 word kerkrade versoek om die skema uit te bou aangesien die nuwe wetgewing dit toelaat.

1.5 *Daar word voortgegaan om 50% van die ledegeld tot die Mediese Skema van die huidige emeriti te betaal (Acta 1997:302, 2.2.1).*

Die besluit word steeds uitgevoer ten opsigte van predikante wat geëmeriteer het voor 1 Julie 1997.

1.6 *Vir hierdie doel word daar 'n raming van R7.50 per belydende lidmaat gehef (Acta 1997:302, 2.2.2).*

Die opdrag is uitgevoer en die raming is nou R11.00 per belydende lidmaat per jaar.

1.7 *70% van die huidige ledegeld tot die Mediese Skema word bygetel by die PGT van die predikant en op hierdie aangepaste bedrag word bydraes tot die Pensioenfonds gemaak (Acta 1997:302, 2.2.3).*

Die opdrag is uitgevoer en 'n debietorderstelsel is in werking gestel vir voorafbefondsing vanaf 1 Julie 1997.

1.8 *Die Sinode gee opdrag indien die situasie hom weer voordoet, die Deputate betyds aan die betrokke lede skryf en waar nodig, ook die saak onder hul Kerkrade se aandag bring (Acta 1997:303, 3.2.2).*

Die uitstaande debiteure by Bestmed is afgehandel. Omdat die nuwe skema 100% is, is daar geen debiteure nie en die probleem kom dus nie weer voor nie.

1.9 *Die Deputate vir Emeritaatsversorging/Trustees kry opdrag om ook die Mediese Skema-aangeleenthede te behartig (Acta 1997:303, 5.1)*

Die besluit word steeds uitgevoer.

1.10 *Die Deputate stel 'n lys van predikante op en dui daarop aan die persentasie subsidie wat op 1 Julie 1997 die verantwoordelikheid van die kerkverband vir diensjare sal wees (Acta 1997:303, 5.2).*

Die lys is opgestel en elke lid se persentasie is ingevoeg op die voordelestaat wat lede ontvang by die GKSA Predikante Pensioenfonds.

1.11 *Opdrag gee aan die benoemde Deputate die besluite wat tydens die Sinode van 1997 geneem word, ook verwoord en in die Ordereëling opneem (Acta 1997:306, 2.1.1)*

Die Ordereëlings is dienooreenkomstig gewysig.

**Besluit:** Kennis geneem.

## 2. SAKE WAAROR DIE SINODE BESLUTE MOET NEEM

Kyk Aanvullende Agenda.

**Besluit:** Kennis geneem.

## 3. Opdragte

3.1 Die Sinode gee opdrag aan die Deputate om op hoogte te bly met ontwikkeling en, indien nodig, om na die eis van omstandighede te handel en aan die volgende Sinode te rapporteer

3.2 Die Sinode doen 'n ernstige beroep op kerkrade om predikante wat nog nie lede is nie in te skakel by die Mediese Skema wat deur die Deputate vir Emeritaatsversorging gereël word

3.3 Die Deputate vir Emeritaatsversorging/Trustees kry opdrag om ook die Mediese Skema-aangeleenthede te behartig

3.4 Gee uitvoering aan alle sake wat kragtens die aanvaarde Ordereëling vir die Mediese Skema aan hulle opgedra is.

3.5 Alles wat gedurende die Sinode besluit is, ook te verwoord en in die Ordereëling op te neem.

**Besluit:** Goedgekeur.

## AANVULLENDE RAPPORT MEDIESE VERSORGING

### 1. Nuwe Mediese Skema

Gedurende Mei 1999 het Fedsure Health vir Northern Medical Society (NMA) oorgeneem.

Deur die loop van 1999 was die GKSA nog steeds in een Opsie te wete, Crystal Omvattende Plan.

As gevolg van die oorname van NMA het Fedsure Health gerasionaliseer en 'n verskeidenheid van opsies daargestel waaruit lede/groepe kon kies.

Die Deputate het na 'n volledige ondersoek, besluit om GKSA as groep vanaf 1 Januarie 2000 in te skakel by **ULTIMA 300** ('n Nuwe generasie skema). Genoemde produk vervang Crystal Omvattende Plan en na mening van die Deputate die naaste en beste binnekant Fedusre Health wat kostestruktuur en die voordele betref.

Die lede sal outomaties by die nuwe Opsie ingeskakel word. Die lede is gedurende Desember 1999 volledig ingelig en sal gedurende Januarie 2000 verdere inligting ontvang.

**Besluit:** Kennis geneem.

## D. RAPPORT DEPUTATE EMERITAATSVERSORGING

### 1. Saak rondom br. C.J. Malan

Op 13 Mei 1999 is 'n dagvaarding op die Deputate vir Emeritaatsversorging as sesde Respondent bedien deur die regsverteenvoerder van br. Malan. Die stukke van die saak, wat voor die Arbeidshof sou dien, verskyn as 'n Ongepubliseerde Bylae tot hierdie Rapport.

### 2. Optrede van die Deputate

Die Deputate het in oorleg met die Regsdeputate 'n prokureur in arbeidsake aangestel om die saak namens die Deputate te hanteer. Die saak sal in die Aanvullende Rapport gehanteer word.

3. Die Deputate spreek sy dank en waardering uit vir die samewerking wat ontvang is van die Administratiewe Buro (in besonder mev. Wymie du Plessis).

**Besluit:** Kennis geneem.

## **AANVULLENDE RAPPORT DEPUTATE EMERITAATSVERSORGING**

(Vir behandeling deur die Nasionale Sinode)

### **1. Saak rondom C.J. Malan**

Die eiser het die Deputate (Trustees van tyd tot tyd) van die Emerituspredikante, -weduwees en – wese van die GKSA as sesde respondent probeer betrek waarin hy regshulp van etlike honderde duisende sou eis.

Die regsverteenvoerder wat die Deputate aangestel het, het in sy verweer betoog dat:

- sodanige respondent nie bestaan nie
- dat die Deputate geen besluitnemingsbevoegdheid in dié saak het nie.

### **2. C.J. Malan versus sy gewese Kerkraad, KO, artt. 11 en 12**

Op 26 Augustus 1999 is die saak in opdrag van die Regter van die Arbeidshof buite die hof geskik.

### **3. Wat hierdie Deputate se saak betref geld die volgende skikkingsooreenkoms:**

Die applikant behou die reg voor om sy eis teen die Sesde Respondent (Die Emeritaatsversorgingstrust) na Arbitrasie te verwys. Die Sesde Respondent stem hiermee toe tot arbitrasie.

Die arbitrasie verrigtinge sal plaasvind in terme van AFSA reëls

Die partye onderneem om binne twee maande voor of op 30 Oktober 1999 die Arbiter se verwysingsraamwerk op ooreen te kom en te finaliseer

Indien die partye nie op 'n arbitrasie verwysingsraamwerk binne die gemelde tydperk daarvoor gestel kan ooreenkom nie, behou die Applikant sy regte voor om die geskil na enige forum, welke ookal jurisdiksie mag hê, te verwys en mee voort te gaan.

#### **3.1 Die partye kom ooreen dat elk op aanvraag sekerheid sal stel vir 50% van die arbitrasiekoste.**

Die Eerste Respondent onderneem om volle samewerking te gee vir soverre die arbitrasie afhanklik is van enige vorm van dokumentasie wat in die Eerste Respondent se besit is of onder sy beheer is.

#### **3.2 Hierdie ooreenkoms is onderworpe aan die ratifikasie van die Kerkraad van die Eerste Respondent en die Trustees van die EVT binne sewe dae vanaf datum hiervan.**

#### **3.3 Die partye kom ooreen dat elke party eie koste sal dra ten opsigte hierdie saak.**

Tot en met die skrywe van hierdie Aanvullende Rapport het die Deputate of Deputate se regsverteenvoerder geen verdere versoeke of kontak van br. C.J. Malan ontvang nie. Na die oortuiging van die Deputate is die saak afgehandel, alhoewel die Deputate kennis geneem het van die moontlikheid van 2 appèlle van br. Malan wat sou dien op die Nasionale Sinode 2000.

Die koste van die Deputate se regsverteenvoerder is deur die Emeritaatsversorgingstrust gedra.

Aanbeveling: Die Ledevergadering/Sinode keur die optrede van die Deputate goed.

**Besluit:** Goedgekeur.